Reëls

- Ons verwag dat leerlinge gehoorsaam sal wees en almal en alles met die nodige respek sal behandel.
- Swak taal en gedrag sal nie geduld word nie. Leerders wat hulself konstant skuldig maak aan swak gedrag se ouers sal hieroor ingelig word. Indien die leerder sou voortgaan, sal daar dissiplinêre stappe geneem word, wat tot skorsing kan lei.
- Geen gevaarlike speletjies of voorwerpe word toegelaat nie.
- Geen verantwoordelikheid sal geneem word vir persoonlike besittings wat wegraak nie.
- Leerders sal slegs met toestemming van ouer / voog die terrein verlaat.
- Die naskool moet telefonies of skriftelik in kennis gestel word indien enige ander persoon die leerder kom afhaal.
- Merk asb alle klere, boeke en skryfbehoeftes.
- Leerders moet gepaste/gemaklike speelklere aantrek na skool. Onthou warm klere – die weer kan vinnig verander.
- Geen leerder sal toegelaat word om te sit en speel /mxit op selfone nie. Leerders se selfone sal gekonfiskeer word en teruggegee word aan ouers by die kantoor.
- 'n Fooi van R5,00 sal gehef word indien die leerder naskool telefoon gebruik.

Huiswerk

- Stilte moet gerespekteer word tydens studie tye.
- Leerders wat nie huiswerk het nie, sal toegelaat word om 'n leesboek te lees. Maak altyd seker dat jou kind 'n goeie leesboek in hulle skooltas het.
- Ouers moet asseblief seker maak dat hulle kinders alle huiswerk netjies en in detail neerskryf in hulle huiswerkboeke.
- Kontroleer en teken asseblief u kind se huiswerkboek en maak seker dat hulle die huiswerk / leerwerk ken.
- Huiswerk en leerwerk bly die leerder en ouer se verantwoordelikheid.

Vrywaring

Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige besering / skade / verlies wat opgedoen word deur 'n leerder op ons perseel nie, tensy dit kan bewys word dat dit direk veroorsaak is deur growwe nalatigheid van 'n werknemer van Dudes & Divas studie sentrum. U gee toestemming dat ons ingeval van 'n noodgeval die naaste mediese fasiliteit wat u kind kan help kan gebruik. U sal dan aanspreeklik wees vir die betaling van enige mediese uitgawe.